DEEL 117 | WEEK 25 | 20 JUNIE 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Brug van beloftes of brug van bedrog?

Die Demokratiese Alliansie (DA) in Heilbron het onlangs kommer uitgespreek oor die toestand van die laevlakbrugprojek tussen Sandersville en die S-area. Ten spyte van bykans R12 miljoen wat reeds aan die projek bestee is, is skaars 5% van die werk voltooi – 'n situasie wat as 'n "multimiljoenrand-mislukking" beskryf word. Die saak sal nou aan die Valke voorgelê word vir verdere ondersoek.

Volgens DA-raadslid Robert Ferendale het die projek reeds in 2021 afgeskop, maar daar is min sigbare vordering, terwyl verskeie briewe en klagtes aan die munisipaliteit gestuur is sonder enige terugvoer. In 'n onlangse raadsitting is bekend gemaak dat die projek al R11 946 918.01 gekos het, met slegs R4 533 837.38 van die oorspronklike R16 480 754.39 wat oorbly.

Die DA bevraagteken waarom die konstruksie maatskappy, WW Civil Engineering, reeds byna ten volle betaal is, terwyl feitlik geen werk verrig is nie.

"Hierdie projek moes lankal voltooi gewees het. Nou is dit uitgestel tot 2027 – dit is onaanvaarbaar," het Ferendale gesê. Hy voeg by dat inwoners in die reënseisoen letterlik vasgekeer is, omdat die brug nie bestaan nie en toegang tot die dorp of Sandersville afgesny word.

Die brug is nie net 'n infrastruktuur-kwessie nie, maar ook 'n veiligheidsrisiko. Oor die jare is verskeie mense in die stroom meegesleur tydens pogings om die water oor te steek. In 'n tragiese geval in Mei 2022 het die dogtertjie, Relebohile van Wyk, verdrink toe sy en haar maats naby die brug gespeel het en vermoedelik gegly het en in 'n onbeskermde, twee meter diep konstruksiegat geval het. Daar was glo geen behoorlike versperrings teen die oop konstruksie nie. Ná die voorval is daar eers veiligheidsmaatreëls ingestel.

Heilbron Herald het in kontak gekom met Dr FP Mothamaha die bestuurder van Ngwathe munisipaliteit en navrae gedoen oor die kwessie. Hy het 'n amptelike verklaring uitgereik waarin bevestig word dat die munisipaliteit die kwessie ernstig opneem. Volgens die verklaring is 'n regsverteenwoordiger reeds aangestel om stappe teen die kontrakteur te neem en fondse te verhaal.

"Aangesien die saak nou onder regspraak is, behou die Munisipaliteit die reg voor om van verdere openbare kommentaar te weerhou ten einde die integriteit van die regsgeding te beskerm," lui die verklaring. Die munisipaliteit beloof om 'n opvolgverklaring uit te reik sodra die regstappe afgehandel is.

Die publiek en politieke partye is woedend oor die slordige bestuur van die projek en die verlies van lewens as gevolg van nalatigheid.

"Dis duidelik dat iemand moet verantwoordiging doen. Jy kan nie miljoene rande bestee en dan niks wys nie," het 'n inwoner gesê.

Die gemeenskap wag nie net op antwoorde nie – hulle wag op geregtigheid en 'n veilige pad huis toe.










# MEC Mbalula Tables Departmental Budget

On Tuesday, 17 June 2025, Member of the Executive Council Responsible for Community Safety, Roads and Transport Jabu Mbalula tabled departmental budget vote.

Speaking at the 4th Raadsaal, Bloemfontein in the Mangaung Metropolitan Municipality, MEC Mbalula said work is in progress to ensure that roads, across all five districts in the province, are maintained and upgraded to not only ensure safety, but to also support local economies, which will result in job creation.

"Our approach is people-centred, ensuring no community is left behind. This Budget Vote is not merely about the numbers. It is about impact. Every rand must serve a purpose. Every project must build trust, and every intervention must move us closer to a Free State where people are safe, mobile, and proud," said MEC Mbalula.

The breakdown of the allocation for the revamping, maintenance, revitalization and upgrading of roads is as follows:

- R196 million in Xhariep.
- R212 million in Mangaung.
- R28 million In Lejweleputswa
- R934 million Thabo Mofutsanyana,
- R344 million in Fezile Dabi.

MEC Mbalula said a budget of R1.4 billion has been dedicated to special maintenance projects, to ensure that "critical road assets do not deteriorate further."


Additionally, R897 Million has been set aside for ongoing special projects maintenance. These include:

- Tweespruit – Hobhouse
- Kroonstad – Henneman – Virginia
- Senekal – Lindley
- Lindley – Petrus Steyn
- Senekal – Rosendal
- Qwa Qwa Roads Primary Roads consisting of six different roads
- Koppies – Sasolburg
- Tweespruit – Excelsior
- Kroonstad – Steynsrus (Phase 3)
- Clocolan – Marquard

MEC Mbalula also lauded the Pothole Eradication Programme, a collaboration between the Department and Central University of Technology.

"The decision to collaborate with the Central University of Technology (CUT) in tackling pothole repairs was a strategic and forward-thinking move that has now gained national recognition. The Pothole Eradication Programme (PEP), led by Prof. Lize Theron, has emerged as a Centre of Excellence for road maintenance in South Africa. This innovative approach was awarded the 2024 SANRAL SAICE National Award, cementing its role in setting new standards for road rehabilitation," he said.

The total budget allocated to the Department for 2025/26 Financial Year is R3.7 billion.



## Uit die Pen:



### Week 25

Ek het eendag die volgende gehoor:
"Get as much as you can. Can as much as you get. Sit on your can."

Die persoon was besig om te gesels oor alles wat ons bymekaar maak.

Ek verstaan dat ouer persone (lees: 75+) baie goed bymekaar gemaak het. Onthou, hulle het grootgeword in die depressiejare en die nadraai daarvan. Hulle was bang dat daardie dae hulle weer tref, daarom het hulle voorsiening gemaak.

Daar was 'n oorskot ingelegde kos, wat lank kon hou. Baie beddegoed en handdoeke. Honderde stuks klere. Selfs dié wat reeds effens verslete lyk. Skoene skoene skoene. Potte, panne, borde, messegoed. Noem maar op. Daar was baie daarvan.

En so het die volgende generasie meestal meegedoen, want dit is hoe hulle (ons?) grootgemaak is. Om te spaar en om te hê vir die dag van more. Daar is niks daarmee fout nie.

Ek dink egter dat daar 'n dag sal kom wanneer jy sal sê dat al hierdie *opgaarsels* nou te veel is.

Ek het twee weke gelede begin om weg te gee. Klein sarsies op 'n slag, maar tog.

Twee kollegas het nog jong kinders op skool. Elkeen het 'n sak vol tydskrifte gekry. Ek weet nie hoekom ek nog al die tydskrifte gebêre het nie, want ek sou dit nooit weer deurblaai nie.

Ek het twee teestelle ontdek wat ek nog nooit gebruik het nie. Wie wil nou ses teestelle hê? Die een is koppies, pierings en koekbordjies wat nog van my rooikopsussie af kom. Ek het dit 21 jaar gelede geërf toe sy dood is. Die ander een is twee koppies en pierings met 'n laventelprentjie op. Die enigste laventelprentjie in ons kombuis.

Ek kan dit nie meer hou nie, want ek gebruik dit nie.

Ek het so paar maande gelede my mooi wit bordestel uitgepak en die een met die blou randjie in 'n boks gepak om te skenk. Ek weet nie hoekom mens iets moet bêre om eendag te gebruik nie. Ek wil al my mooi goed nou gebruik. Maar dan moet ek eers van die ander ontslae raak.

Daar is ook 'n magdom tafeldoeke. Wat ek gemaak het, wat my gryse ma gemaak het en wat ek persent gekry het. Handdoeke! 'n Hele kas vol.

Dan is daar materiaal en nog materiaal. My gryse ma het in hulle Bothaville-huis vier kaste vol materiaal gehad. En nog 'n paar kaste in ander kamers. Want sy sou van alles eendag klere maak.

Sy het op 'n mooi dag vir my gryse ou pa gevra of die vrou waarmee hy eendag, wanneer my ma dood is, gaan trou, darem sal weet watter rokspatrone by watter materiaal gaan?

"Nee," reken my gryse ou pa. "Sy hou nie van naaldwerk nie."

Intussen is my gryse ou pa dood, en my ma moes Pretoria toe trek. Ons het letterlik naweek na naweek soontoe gegaan om te gaan help inpak. Sommige van die goeters kon ons verkoop. Ander is uitgedeel aan die familie. Die oorblyfsels is in bokse gepak en dit staan tans in 'n stoor.

Toe my ma verlede jaar vanaf haar ouetehuiswoonstel na 'n woonstel in die versorgingskant trek, moes ons weereens van haar goed minder maak. Veral van haar klere. Daar was ses swart baadjies en vyf wit bloese. Drie pienk hemde en vier donkerblou broeke. Kaste vol klere.

Sy moes kies: een van elke kleur.

Uiteindelik het ons *gesettle* op maksimum twee van elke kleur, indien daar meer as een was.

Gister, met ons kuier by haar, vra sy waar haar swart baadjie is.

"Maar ma het mos 'n swart baadjie in die kas?"

"Ja, maar dis 'n spesiale baadjie. Ek kan dit nie sommer hier aantrek nie."

"Ma, trek asseblief die spesiale klere nòù aan."

My gryse ma is 88. En daar is op die aarde geen rede hoekom die klere gebêre moet word vir "eendag" nie.

Ek kyk rond in haar woonstelletjie: 'n bed, klein sitkamerstelletjie, twee laaikassies van hout, 'n groot houtkas vir die TV en 'n lessenaar waarop haar stikmasjien staan. Daar is ook 'n ketel en 'n mikrogolfoond. Dis al wat sy tans het. Dis al wat in haar woonstelletjie kan inpas, want anders het haar rolstoel nie plek nie.

En dis al wat sy tans nodig het. Behalwe natuurlik die spesiale swart baadjie.

Haar lewe is gereduseer tot baie min. Vanaf 'n huis wat uit sy nate gebars het tot net die nodigste, wat nogsteeds te veel is.

En voordat iemand iets sê omdat my gryse ma in die ouetehuis woon en nie by ons aan huis is nie: Sy loop baie moeilik, ek en my goeie man werk voltyds. Ons sal nie elke dag na haar kan kyk nie. By die ouetehuis is sy veilig, versorg, sy kry drie etes per dag, daar is 'n haarkapper wat per afspraak hare gaan sny, Judy kom elke week wonde versorg, daar is 'n maatskaplike werker en ons kuier gereeld daar. Net so terloops (The lady doth protest too much, me thinks).

Terug by ons huis: Ek sien daarna uit om die ander kaste ook te gaan regpak, want die paar goed wat ek tot dusver uitgehaal en weggegee het, het nie 'n duik gemaak nie.

Ek dink ons moet ligter lewe. Nee, ek wens ons kan ligter lewe. Ons sleep al ons goed agter ons aan, sonder om te dit geniet. *Can as much as you get. Sit on your can.*

Gaan soek daardie swart baadjie, en dra dit vandag. Gaan spuit die duur parfuum aan. Trek die modieuse, duur skoene aan, al stap jy net deur die huis daarmee.

Hang jou mooi juwele om jou lyf (dalk moet jy dit nie buite waag indien dit egte goud en diamante is nie, net 'n waarskuwing) en pronk met die goeters wat jy bêre vir "eendag".

Ek dink aan die liedjie van die Virseker-advertensie.

"Kontak hulle nou, want nou-nou is te laat."

Maar in hierdie geval: "Gebruik dit nou, want nou-nou is te laat."

# De Kleine Bistro:

## *Van koswaentjie tot kulinêre kuierplek by Heilbron Gholfklub*



Wat begin het as 'n eenvoudige koswaentjie langs die straat naby Absa, het nou ontpop in 'n volwaardige eetplek met 'n groter kombuis, 'n uitgebreide spyskaart en 'n droom wat waar geword het vir Nicolene en Johan Mostert, eienaars van De Kleine Bistro.

Aanvanklik het die koswaentjie slegs vier lyne kon aanbied – tipiese padkos soos hamburgers, vis-en-skyfies en koffie. Maar vir Nicolene en haar man was dit nog altyd die droom om 'n permanente plek met 'n behoorlike kombuis te hê. "Ons het van die begin af gesoek na 'n perseel, maar daar was niks beskikbaar in Heilbron nie," vertel Nicolene.

Hulle het toe besluit om die koswaentjie aan te skaf en so hulle droom aan die gang te kry. En toe gebeur iets onverwags. Op 'n dag moes hulle 60 hamburgers by die halfway house van die Heilbron Gholfklub aflewer. Daar het Johan en Nicolene toevallig met Willem Loots begin gesels, en Willem het genoem dat daar 'n groot kombuis op die klubperseel beskikbaar is.

"Ons het dadelik geweet – dit is ons kans," sê Johan. Kort daarna het hulle ingetrek, en De Kleine Bistro het 'n nuwe tuiste gekry.

Vandag bied die bistro veel meer as net kitskos. Ontbyt, pizza's, burgers en ander smullekker geregte pryk op die spyskaart. En vir dié wat verkies om hul maaltye by die huis te geniet, is daar goeie nuus: hulle lewer af oral in Heilbron. Gaste kan ook sit en ontspan by die gholfklub se rustige atmosfeer terwyl hulle hul kos geniet. De Kleine Bistro is oop Maandae tot Saterdae van 08:00 tot 20:00 maar sal wel gesluit wees Sondae.

Met hul nuwe ruimte, verbeterde geriewe en groeiende kliëntebasis, is dit duidelik dat De Kleine Bistro nie net 'n stalletjie met hamburgers is nie, maar besig om 'n belangrike deel van Heilbron se koskultuur te word.

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

Wat het golf en 'n Jeugsorgsentrum in gemeen? Kom neem deel aan Heilbron Golfklub se gesinsdag op die 28 Junie 2025. Nie net gaan pappa tyd kry om balle rond te slaan op die golfbaan nie, maar daar is vir mamma en die kinders aktiwiteite om aan deel te neem. Vir meer inligting is julle welkom om Willem by 076 991 5208 te skakel om jou plek in die dag se verrigtinge te boek. Ons sien jou daar. Hou sosiale media dop vir meer inligting.



# Pieter van Staden oorlede

***OORLEDE PIETER MOSES VAN STADEN:*** *Dit is met hartseer dat ons die afsterwe aankondig van Pieter Moses Van Staden, 'n bekende paneelklopper, wat op 14 Junie 2025 na 'n kort siekbed oorlede is. Die begrafnisdiens sal plaasvind op Saterdag 21 Junie 2025 om Haarlemstraat 236, by die Methodiste Kerk. Familie en vriende word hartlik uitgenooi om hul laaste eer te kom betoon.*

# Sop en Sjerrie op die tafel vir Huppel Trippel

Een program van HT word elke winter gereserveer vir die drie 's'e - sop en sjerrie en stories. 'n Hele rits boereverneuker-stories is gedeel en oor gelag.

Oor twee weke is die program-onderwerp HOE VERKLAAR JY DIT?

Kom krap gerus saam kop en 'red die aarde' met jou insigte.



*Op die foto regs: Bertha Kühn.*






*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za




# De Kleine Bistro:

## *Van koswaentjie tot kulinêre kuierplek by Heilbron Gholfklub*



Wat begin het as 'n eenvoudige koswaentjie langs die straat naby Absa, het nou ontpop in 'n volwaardige eetplek met 'n groter kombuis, 'n uitgebreide spyskaart en 'n droom wat waar geword het vir Nicolene en Johan Mostert, eienaars van De Kleine Bistro.

Aanvanklik het die koswaentjie slegs vier lyne kon aanbied – tipiese padkos soos hamburgers, vis-en-skyfies en koffie. Maar vir Nicolene en haar man was dit nog altyd die droom om 'n permanente plek met 'n behoorlike kombuis te hê. "Ons het van die begin af gesoek na 'n perseel, maar daar was niks beskikbaar in Heilbron nie," vertel Nicolene.

Hulle het toe besluit om die koswaentjie aan te skaf en so hulle droom aan die gang te kry. En toe gebeur iets onverwags. Op 'n dag moes hulle 60 hamburgers by die halfway house van die Heilbron Gholfklub aflewer. Daar het Johan en Nicolene toevallig met Willem Loots begin gesels, en Willem het genoem dat daar 'n groot kombuis op die klubperseel beskikbaar is.

"Ons het dadelik geweet – dit is ons kans," sê Johan. Kort daarna het hulle ingetrek, en De Kleine Bistro het 'n nuwe tuiste gekry.

Vandag bied die bistro veel meer as net kitskos. Ontbyt, pizza's, burgers en ander smullekker geregte pryk op die spyskaart. En vir dié wat verkies om hul maaltye by die huis te geniet, is daar goeie nuus: hulle lewer af oral in Heilbron. Gaste kan ook sit en ontspan by die gholfklub se rustige atmosfeer terwyl hulle hul kos geniet. De Kleine Bistro is oop Maandae tot Saterdae van 08:00 tot 20:00 maar sal wel gesluit wees Sondae.

Met hul nuwe ruimte, verbeterde geriewe en groeiende kliëntebasis, is dit duidelik dat De Kleine Bistro nie net 'n stalletjie met hamburgers is nie, maar besig om 'n belangrike deel van Heilbron se koskultuur te word.

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

Wat het golf en 'n Jeugsorgsentrum in gemeen? Kom neem deel aan Heilbron Golfklub se gesinsdag op die 28 Junie 2025. Nie net gaan pappa tyd kry om balle rond te slaan op die golfbaan nie, maar daar is vir mamma en die kinders aktiwiteite om aan deel te neem. Vir meer inligting is julle welkom om Willem by 076 991 5208 te skakel om jou plek in die dag se verrigtinge te boek. Ons sien jou daar. Hou sosiale media dop vir meer inligting.



# Pieter van Staden oorlede

***OORLEDE PIETER MOSES VAN STADEN:*** *Dit is met hartseer dat ons die afsterwe aankondig van Pieter Moses Van Staden, 'n bekende paneelklopper, wat op 14 Junie 2025 na 'n kort siekbed oorlede is. Die begrafnisdiens sal plaasvind op Saterdag 21 Junie 2025 om Haarlemstraat 236, by die Methodiste Kerk. Familie en vriende word hartlik uitgenooi om hul laaste eer te kom betoon.*

# Sop en Sjerrie op die tafel vir Huppel Trippel

Een program van HT word elke winter gereserveer vir die drie 's'e - sop en sjerrie en stories. 'n Hele rits boereverneuker-stories is gedeel en oor gelag.

Oor twee weke is die program-onderwerp HOE VERKLAAR JY DIT?

Kom krap gerus saam kop en 'red die aarde' met jou insigte.



*Op die foto regs: Bertha Kühn.*




*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za



# ATKV-Kombersprojek bring warmte in bibberkoue – Jong leerder wen groot!

Met die bibberweer wat die land beetpak, het die ATKV hul harte en hande oopgemaak met die bekendstelling van hul jaarlikse Kombersprojek.

Ellie Combrink, ‘n Heilbronner en graad 8-leerder van Bethlehem Voortrekker Hoërskool, het met haar kombersbydrae ‘n lekker vakansie by die ATKV se Buffelspoorttak losgeslaan.

Hierdie inisiatief is daarop gemik om warmte te bring aan diegene wat dit die nodigste het en Ellie het met haar bydrae gehelp dat behoeftige mense hierdie winter nie in die koue hoef te ly nie. Sy hoop dat haar omgeedaad nog mense sal aanspoor om ‘n verskil in ander se lewens te maak.




Die ATKV spreek hul dankbaarheid uit teenoor alle deelnemers en ondersteuners van die projek en sien daarna uit om nóg ‘n groter verskil in gemeenskappe regoor die land te maak.




# Reitz se Ora gekies vir Griffons Platteland O/14-span

Hoërskool Reitz is baie trots op een hul leerlinge Oratilwe Tsotetsi, wat onlangs gekies is vir die Griffons Platteland O/14-rugbyspan.

Dié prestasie is die beloning van weke se toewyding, harde werk en talent wat Ora sonder skroom op die veld wys. Sy insluiting in die span is nie net ’n groot eer nie, maar ook ’n belangrike mylpaal in sy jong rugbyloopbaan.

Met ’n blink toekoms wat voorlê, is dit duidelik dat Oratilwe se naam een is om dop te hou in Vrystaatse rugbykringe.

## Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 14 Junie het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Bloemfontein gevlieg en die duiwe is om 07:30 gelos. Die wen duif is om 10:42 geklok op Reitz. Daar het 7 lede en 260 duiwe deelgeneem.

1. Heine Hokke
2. Heine Hokke
3. Spartan Pigeons 3
4. Spartan Pigeons 3
5. Spartan Pigeons 2
6. Spartan Pigeons 2
7. Heine Hokke
8. Spartan Pigeons 2
9. Spartan Pigeons 2
10. Spartan Pigeons 2

Volgende Saterdag vlieg die duiwe weer vanaf Edenburg.



*Op die foto is Herkie Swart van Heine Hokke met die wenduif 2088.*




# Marizaan breek baanrekord by Fezile Dabi-landloopbyeenkoms

Marizaan Swanepoel, ’n talentvolle atleet van Hoërskool Heilbron, het Saterdag geskiedenis gemaak toe sy ’n baanrekord gebreek het tydens die Fezile Dabi-landloopbyeenkoms wat by Koedoeslaagte in Parys plaasgevind het.

Die 3km-wedloop het nie net Marizaan se uithouvermoë en vasberadenheid getoon nie, maar ook haar uitsonderlike talent. Sy het die wedloop voltooi in ’n ongelooflike tyd van 12 minute en 21 sekondes, en daarmee die vorige rekord van 12:38 amptelik verpletter.

Hierdie tyd is nie net ’n nuwe rekord vir die byeenkoms nie, maar ook Marizaan se persoonlike beste prestasie tot dusver.

Hoërskool Heilbron het haar prestasie met trots verwelkom en haar gelukgewens met die ongelooflike mylpaal.

Met haar fokus, dissipline en passie vir atletiek, is Marizaan



Swanepoel beslis ’n naam om dop te hou in die sportwêreld.

# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **HATTINGH**
First names: **PETRONELLA KAYZER**
Estate number: **9164/2024**
Identity/passport number: **530923 0062 085**
Date of death: **6/11/2024**
Last address: **257 District Koppies, Province, Free State**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON 9650**
**P.O BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2025/06/10**

---

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **MOTAUNG**
First names: **MANTOA ALINA**
Estate number: **6291/2024**
Identity/passport number: **660402 0524 081**
Date of death: **14/04/2012**
Last address: **238 Seventh Street, Koppies, Province, Free State**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON 9650**
**P.O BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE/EH/B0107**
**DATE SUBMITTED: 2025/06/10**

---

### JAARBEPLANNER 2025

**AUGUSTUS**
- 1 Aug. - BoereTreat Gholf
- 2 Aug. - BoereTreat Gholf & Fees
- 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub

**SEPTEMBER**
- 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER**
- 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER**
- 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **SERFONTEIN**
First names: **JACOBUS HENDRIK**
Estate number: **3746/2023**
Identity/passport number: **680427 5135 084**
Date of death: **8/05/2023**
Last address: **76 ELS STREET, HEILBRON PROVINCE FREE STATE**
The AMENDED FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 20 June 2025 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, HEILBRON MAGISTRATE.
Name and address of Executor or
**AUTHORISED AGENT:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADVERTISER NAME:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**ADVERTISER ADDRESS:**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**40 CHURCH STREET HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TELEPHONE: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE**
**DATE SUBMITTED: 2025/06/10**
**FOR PUBLICATION ON: 2025/06/20**

---

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **HATTINGH**
First names: **PIETER SCHALKE**
Estate number: **9163/2024**
Identity/passport number: **540209 5038 082**
Date of death: **16/08/2024**
Last address: **257 District Koppies, Province, Free State**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
In case of a marriage in community of property:
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**PETRONELLA KAYZER HATTING (DECEASED) BLOEMFONTEIN - ESTATE NR. 9164/2024**
Identity/Passport Number: **530923 0062 085**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON 9650**
**P.O BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE: B0107/0578**
**DATE SUBMITTED: 2025/06/10**




**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**






**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*


DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


# SMALLS


**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**



*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za



**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE** FOR ONLY R85


HERALD Sport

# Heilbron Duiwe Reis Klub vier suksesvolle wedvlug

Die lug oor Heilbron was Saterdag vroegoggend gevul met opgewondenheid en geklap van vlerke toe die Heilbron Duiwe Reis Klub hul duiwe om 08:45 noordwaarts vrygelaat het vir die derde wedvlug van die seisoen. Al die duiwe het in ideale weerstoestande vertrek — die hemel was helder en 'n sagte oostewind het gewaai.

Die duiwe het 'n afstand van 397,496 meter afgelê, en die netto vlugtyd vir die "open" duiweklas was 5 uur, 30 minute en 54 sekondes. Die wedvlug het besonder mededingend verloop, met tye wat bitter na aan mekaar was.

Zenith Lofts het die wenplek ingepalm met 'n indrukwekkende spoed van 1,201.198 meter per minuut (mpm). In die tweede plek was Dries Cilliers se duif met 1,195.411 mpm, en in die derde plek het Dr. Piet van Zyl weer sy plek op die podium bevestig met 'n tyd van 1,194.460 mpm. Die oorwinning is behaal met 'n geringe marge van net 1 minuut en 36 sekondes — 'n bewys van hoe fel die kompetisie was.

Benewens die "open" wedvlug, is die jong duiwe ook vroeër die oggend om 08:15 vrygelaat. Hierdie jong span het ook dieselfde afstand gevlieg, en hul netto vlugtyd was 5 uur, 1 minuut en 19 sekondes.

Hier het Dr. Piet van Zyl se jong duiwe die eerste twee plekke los gevlieg. Sy eerste duif het 'n blitsige spoed van 1,319.1125 mpm behaal, en sy tweede duif was skaars 'n veerlag agter met 1,319.052 mpm. In die derde plek het Wolter Bennink sterk meegeding en 'n spoed van 1,316.981 mpm behaal — 'n uitstekende vertoning.

Die klub het die dag as 'n groot sukses beskou, met beide die weer en die prestasie van die duiwe wat hand aan hand gegaan het om 'n puik sportgeleentheid op te lewer. Duiwe-entoesiaste het weereens getoon dat die sport in Heilbron springlewendig is.







Heilbron Herald

Heilbron Herald is op soek na 'n gemotiveerde, energieke en dinamiese persoon om nuuswerwing en bemarking te doen. As jy georganiseer, proaktief en kliëntgerig is, wil ons graag van jou hoor!

**Verantwoordelikhede:**

- Skryf artikels vir gedrukte en elektroniese media.
- Bou en handhaaf kontakte binne die bedryf om vloei van bestellings en nuus te handhaaf.
- Woon geleenthede by en neem foto's.
- Skep en laai nuusinhoud vir sosiale media-platforms.
- Onderhou langtermynverhoudings met kliënte.
- Bemarking van skryfbehoeftes, drukwerk, korporatiewe- en werksdrag en promosionele items.
- Voer bestellings in en werk saam met ander departemente.

**Minimum Vereistes:**

- Matriek (Graad 12) of hoër
- Bestuurslisensie (Kode 8)
- Ervaring in Microsoft Office programme
- Kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels
- Ervaring in kliëntediens of verkope is voordelig
- Tersiêre kwalifikasie sal voorkeur geniet

**Sluitingsdatum: 27 Junie 2025**
**POS ONMIDDELLIK BESKIKBAAR**
**Stuur CV's na herald@heilbron.co.za**








**WINKELURE**

**MAANDAE TOT DONDERDAE: 07:30 - 17:00**
**VRYDAE: 07:30 - 16:30**
**SATERDAE: 08:30 - 13:00**

Herald Office
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 23 JUNIE 2025**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 24 JUNIE 2025**

KLERKSDORP Twee-weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

HEILBRON: HILLTOP SAVM STOET
11de Produksie veiling
11:00, plaas Hilltop
Kontak Stiaan Smith 067 596 2491

BALFOUR: DASPOORT BOVELDERS
6de Produksie veiling
11:00, plaas Rietfontein
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

**WOENSDAG - 25 JUNIE 2025**

REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

SCHWEIZER-RENEKE: CORALTA SAVM STOET
22ste Produksie veiling
11:00, plaas Coralta
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

LEANDRA: BOSHOFF BONSMARA
Produksie veiling
11:00, Delmas/Leandra
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

BETHAL: HoËVELD SA VLEISMERINO KLUB VEILING
11:00, Polo Cross Club
Kontak Erik Heymans 083 246 5177

**DONDERDAG - 26 JUNIE 2025**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 27 JUNIE 2025**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za